

DP. P. J. ROSCAM ABBING ea., *Zielzorg aan Maatschappelijk getypeerde mense*, Boekencentrum N.V. 's—Gravenhage, 1959.

Hierdie werk is 'n verdere uitgawe in die reeks „Praktisch Theologiese Handboekjes” (no. 16/17) en wil aansluit by no. 8/9 getiteld: „Zielzorg”. Laasgenoemde werk is 'n besinning oor sielsorg aan mense in hul verskillende „zielgesteldheden”. Die uitgawe onder bespreking volg 'n ander lyn en gevolglik kom ander groepe van mense onder die soeklig. Soos die naam aandui is die bepalende faktor die persoonlike en maatskappelijke omstandighede waarin die mense lewe. Daar word uitgegaan van die standpunt dat die mens in maatskappelijke opsig gebonde is en tot 'n bepaalde groep behoort wat meebring dat die psigiese en sosiale gegewenhede waarmee hy lewe dikwels 'n sekere nood laat ontstaan waarin die hulp van die sielsorger onontbeerlik is. Daarom definieer P. J. Roscam Abbing die sielsorg as die sorg vir die medemens „die erop gericht is hem te helpen om te leven uit de vrijheid waarmee Christus hem heeft vrijgemaakt.”

Die boek is saamgestel uit 'n elftal artikels elk deur 'n ander outeur geskrywe naaliek:—

Zielzorg aan

De Ongetrouwe vrou	M. H. van Everdingen
Hen die Kinderloos zijn	W. J. Vaandrager-Busschers
Ouders die in Zorg zijn over hun Kinderen	Dr. H. Faber
Hen die weduwee of weduenaar zijn	Anonyma
Hen die Gescheiden zijn	Dr. C. L. Tuinstra
Hen die huwelijksmoeilikheden hebben	Dr. E. van der Schoot
Hen die Homosexueel zijn Het medisch aspect	Dr. A. Poslavsky
Het Pastoraal aspect	Prof. Dr. P. J. Roscam Abbing
Hen die Ziek zijn	Ds. A. Hijmans
Hen die Invalide Zijn	Dr. J. J. Miedema
Hen die Bejaard zijn	A. Th. Stegenga
Hen die het steeds zeer druk heb- ben	Prof. Dr. P. J. Roscam Abbing.

Elkeen van hierdie artikels is besonder insiggewend en wetenskaplik verantwoord. In die artikels word die etiese aspek nie behandel nie byvoorbeeld oor egskeiding, maar daar word slegs gehandel oor die konkrete lewensituasies waarin die sielsorger kan en moet ingryp. Telkens word dan ook gewys dat die mens vanuit die vleeslike situasie na die geestelike situasie teruggelei moet word (Bovet). Dit blyk veral duidelik uit die artikel van Ds. A. Heymens „Hen die Ziek zijn”. Soos in elkeen van die artikels word ’n duidelike afbakening gegee van die groep onder bespreking. Dit bring mee dat die taak van die sielsorger baie vergemaklik word omdat hy weet met wie en waarmee hy te doene het. Heymans laat besondere klem val op die individualiteit van die sieke. Daarom het hy reg op persoonlike aandag. Vir die sielsorger is die dringende vraag: Hoe kan ek die sieke dien in sy verhouding tot God, tot Jesus Christus as die reddende Heer van sy lewe?

Die groot taak van die sielsorger is dan om die sieke te help om deur te dring tot die wesenlike nood en die genesing, met ander woorde om aan die sieke die weg tot God aan te dui. Ons het dus ’n profetiese taak: Om die Woord te spreek wat die sieke sal bind aan sy Heer, sodat ons dan oorbodig sal wees. Die wesenlike nood „ligt—in het behoren tot een verscheurde wêreld die, omdat zij de weg tot God kwyt raakte en voortdurend zichzelf verspert, aan de dood onvergegeven is . . . Men zou ook kunnen zeggen: dat het eigenlijke ziek-zijn zondaar-zijn is. En dat alle bijbelse ‚genesing’ allereerst daarop doelt.”

Ofskoon daar nog nie ’n merkbare onrus oor die sielsorg bestaan nie (aldus Prof. F. van Zyl) glo ek tog dat dit tyd geword het dat ons ons wetenskaplik sal verantwoord ten opsigte van die sielsorg, daarom sal hierdie boek in ’n bepaalde behoefte voorsien.

D. J. BOOYSEN.

DR. A. C. OUTLER, „*Psychotherapie en Evangelieverkondiging.*”

In hierdie maklik leesbare en insiggewende werk hou die skrywer hom besig met die grondverskille tussen die psigoanalities georiënteerde Psigoterapie en die Christelike geloof. Hy behandel die verskille onder vier hoofde wat dan ook in werklikheid die vier hoofverskille is. Ten slotte probeer die skrywer om ’n kompromis te bereik ten opsigte van die grondverskille.

Dr. Outler gee blyke daarvan dat hy ’n grondige kennis besit van die Sielkunde oor die algemeen, sowel as van die verskillende psigo-analitiese skole. Daarby getuig sy werk daarvan dat hy oor ’n hoogstaande teologiese kennis beskik. Verder is dr. Outler baie eerlik in sy ontleding van die hele aangeleentheid.

Hy beklemtoon die noodsaak van Psigoterapie in hierdie tyd van verwarring en behandel dan die verskillende hoofpunte waar die psigo-terapeutiese ontdekkings en tegnieke vir die Christelike sielsorger van groot nut kan wees—. Maar die naturalistiese en humanistiese filosofie waaruit die Psigo-analitiese terapie gegroei het, is nie te verenig met die

Christelike denke nie. En hierdie onverenigbaarheid behandel hy onder die volgende vier hoofde:

1. Opvatting oor die Persoonlikheid of die Ek.
2. Die Menslike Nood.
3. Die menslike moontlikhede.
4. Die Ordening van die Lewe.

Op elk van hierdie vier gebiede kom die naturalistiese en humanistiese terapeut tot die slotsom dat die mens net aan homself verantwoordelik is. Sy Persoonlikheidsiening is dat die mens nie van transendentale aard is nie. Die menslike nood bestaan daaruit dat die mens alleen staan in 'n onbuigsame wêreld, waarin hyself die enigste buigbare en veranderlike faktor is. Sy moontlikhede om nie in sy nood te bly lewe nie, is ook in homself geleë, want volgens die etiek van die analities georiënteerde psigoterapeutici is die mens in staat tot selfhandhawing op grond van sy eie goedheid. Dit bring dus mee dat God ook verwerp word.

Teenoor elke humanistiese siening plaas Outler daar die Christelike oortuiging, gegrond op Gods Woord. Sy slotsom is dat hoewel die Christelike sielsorger veel kan leer en benut van die psigoterapeut op praktiese gebied, bogenoemde vier punte van verskil prinsipieel so diep verskil dat 'n alliansie onmoontlik is.

Die skrywer soek dan die grond vir 'n alliansie daarin dat die humanistiese psigoterapeutici meer oop sal staan vir die Christelike geloof en die Christengelowige ook van sy Christelike geloofspunte, soos byvoorbeeld die van die erfsonde, moet inboet.

Die boek bied 'n uitstekende uiteensetting van die verskillende denkgings op die gebied van die Psigo-terapie, soos byvoorbeeld die van Freud, Adler, Jung, Sullivan, Fromm, Honney ens., met telkens 'n weldeurdekte kritiek op skriftuurlike grondslag daarteenoor.

Die slotsom is egter teleurstellend waar die skrywer as 't ware 'n bondgenootskap bepleit tussen twee „gelowe” wat lynreg teenoor mekaar staan, en wat myns insiens, net nooit verwesenlik kan word nie.

Die woorde van die boek lê daarin dat Outler op eerlike wyse daarop wys dat: (1) die persoonlike probleme tog maar gewoonlik rondom die Godsdienst en die etiek sentreer, en dat 'n subtiele beïnvloeding deur die terapeut nouliks verhoed kan word. (2) Verder dat die „geloofsoortuiging” van die psigo-analities georiënteerde terapeut, in die meeste gevalle die teenoorgestelde as die van die gelowige is. (3) Op grond hiervan is dit dus noodsaaklik dat daar kerkkliksielkundige dienste sal wees, sodat die geestes-ontspoorde lidmaat nie sal uitgelewer word aan mense van wie ons nie weet wat hulle glo en leer nie, maar dat hy die voorwerp kan word van die sorg van 'n medegelowige wat oor gespesialiseerde terapeutiese kennis beskik.

Die boek word sterk aanbeveel omdat dit nie alleen insiggewend is nie, maar ook gedagteprikkelend.

Dit is in hardeband gebind en het verskyn by Boekcentrum N.V. 's-Gravenhage en dit is verkrygbaar in die Boekhandel.

S. J. PRINS.